Die O.B.

Jrg. 6 Kaapstad, Woensdag, 26 Maart 1947 No. 17.

# O.B. VERWELKOM EERSTE STAP TOT EENHEID

# K.G. oor Samekoms Van Twee Partyleiers

**Die houding van die Ossewabrandwag ten opsigte van die ooreenkoms tussen mnr. Havenga en dr. Malan is verlede Saterdag op 'n groot vergadering op Stellenbosch deur die Kommandant-generaal, dr. Hans van Rensburg, uiteengesit. Die K.G. het dit verwelkom as die eerste stap tot eventuele samewerking tussen alle Afrikaners — 'n ideaal wat die O.B. volhardend nagestrewe het. Die K.G. het ook verwys na 'n afsonderlike verklaring van mnr. Havenga in die pers dat hy die ondersteuning van die Ossewabrandwag verwelkom met behoud van identiteit.**

## Twee Partye Gaan Saamwerk

### Behoud van Indentiteit

**'n Gesamentlike verklaring oor samewerking by die volgende verkiesing is verlede Saterdag deur mnr. N. C. Havenga, leier van die Afrikanerparty en dr. D. F. Malan, leier van die Herenigde Party uitgereik. Daarin word verwys na samesprekings tussen die leiers en 'n ooreenkoms op die grondslag dat elkeen van die partye sy eie identiteit behou. Verder is daar geen eise van enige aard gestel nie, daar aangeneem is dat deelgenootskap in dieselfde volksdiens en kameraadskap in dieselfde stryd toegelaat sal word om toekomstige verhoudinge self en vrylik te bepaal.**

Die twee leiers doen 'n beroep op alle „Suid-Afrikaners wat tot ander partye of groepe behoort, maar wat op die fundamentele vraagstukke met hulle saamstem, om hul ondersteuning te verleen vir die bereiking van die voorgestelde doel. Hulle gee die versekering dat sodanige ondersteuning welkom sal wees, en vertrou dat langs hierdie weg ons so gewenste volkseenheid opnuut en op hegte en blywende grondslag weer opgebou sal word, en dat alle verskille wat weens die oorlog of ander omstandighede ontstaan het, vir goed begrawe en vergeet sal word."

HAVENGA VERWELKOM O.B.-STEUN

Die Vaderland berig dat mnr. Havenga, wat deur die blad genader is om te verduidelik hoe die nuwe verwikkelinge die nie-partypolitieke groepe gaan tref, verklaar het dat lede van die O.B. nooit belet is om lede van die Afrikanerparty te word nie. Wat die Afrikanerparty betref, het mnr. Havenga voorts verklaar, word die steun van die O.B. met behoud van sy aparte identiteit op nie-pratypolitieke gebied, verwelkom. Dit geld ook van die Nuwe Orde.

## *Enigste Rebel*

**Die Transvaalse onderwysdepartement het 'n rondskrywe aan alle ouers gestuur om te verneem of hulle wil hê dat hul kinders na die koninklike optogte gaan. In 'n sekere skool in Pretoria (Afrikaansmedium) het net een ouer geweier. Dit was stafoffisier Buys van die Gebiedskantoor.**

**In die klas het 'n onderwyser sy seuntjie, Johan Buys, geroep om op te staan. Sonder dat hy juis wis waarvoor hy aangeroep is, het die oudjie opgestaan en die onderwyser het vir die klas gesê: „Kyk goed na hom.... hy's die enigste rebel in hierdie klas."**

## Stampvol Stadsaal Op Stellenbosch

**Verlede Saterdagaand, 22 Maart, het die K.G. en die A.K.G., oudergewoonte, die jaarlikse openingsvergadering van die O.B. op Stellenbosch toegespreek. Dit was 'n puik vergadering in alle opsigte.**

Die groot stadsaal was van hoek tot hoek volgepak deur 'n geesdriftige skare, wat die sprekers telkemale toegejuig het.

Die vergadering het plaasgevind onder voorsitterskap van komdt Hennie Marais van die studentefront.

Hoofgenl. Max Smuts het die sprekers en die groot skare op hartlike wyse welkom geheet en die verrigtings gesellig ingelui. Hy het 'n beroep gedoen op elke lid en goedgesinde om 'n ywerige werker vir ons beweging te wees.

Prof. dr. E. E. van Rooyen van die kweekskool het 'n ernstige openingsgebed gedoen waarin hy die beproefde mensheid en in besonder ons volk en beweging aan die Allerhoogste opgedra het.

Wagmajoor Radloff, bygestaan deur kaptein Bell van die studentefront, was verantwoordelik vir die sierlike versiering van die saal en die flinke optrede van die mans- en dameswagte.

Voordat die K.G. die verhoog bestyg het, het hy al die wagte wat op diens was, geïnspekteer. Hulle was opgestel voor die verhoog.

Komdt. Swanepoel en sy Kaapstadse Blaasorkes het die onmisbare musiek verskaf.

Die plaaslike Boerejeug onder leiding van veldkte. van der Merwe, het ook hulle deel tot die verrigtinge bygedra. 'n Boereseun, en 'n -dogter in haar sisrokkie en voorskootjie, het die republikeinse vlag gehys en eweëens het tweestuks later 'n bedrag namens hul eenhede, aan die K.G. oorhandig vir die afhanklikes van ons kamerade wat nog in Sy Majesteit se tronke vertoef.

Na afloop van die verrigtinge het 'n groot aantal brandwagte en vriende gesellig met die leiers verkeer.

---

Die eerste deel van die toespraak het die K.G. gewy aan die verskynsels in verband met die koninklike besoek en wel om aan te toon hoedat die O.B. verre daarvan dat hy sy bestaansreg met die einde van die oorlog ingeboet het, in hierdie na-oorlogse krisis van die republikeinse stroming in Suid-Afrika die enigste organisasie in die land was wat ook vir die toekoms 'n aanknopingspunt vir republikeine verskaf.


Dan wil ek met 'n oog op toekomstige fases van die stryd die verhouding van die O.B. tot parlementêre optrede behandel, het die K.G. vervolg. Ons hoor dikwels, veral van uit buitekringe, dat „Die O.B. glo niks in die stem nie, of die O.B. sweer hy sal nooit weer stem nie," ensovoorts.

Ek kan natuurlik nie help wat ons vyande ons wil toedig of wat een of ander lid van die O.B. in sy drif en opgewondenheid gesê het nie. Maar elkeen van u weet dat die oppergesag van die O.B. in die Grootraad setel, en wat enige O.B.-spreker verkondig is **gesaghebbend alleenlik insover dit 'n vertolking is van die sienswyse van die Grootraad.**

Ons moet dus vra, wat die gesaghebbende houding van die O.B. en sy Grootraad is. Ek wil dit voorts kortliks aandui.

AANBOD

Met die algemene verkiesing in 1943 het die O.B. 'n skriftelike en openbare aanbod aan die drie leiers van opposisie-parlementêre groepe gedoen, mnr. Havenga, dr. Malan en mnr. Pirow, waarin ons aangebied het dat hulle ooreen kan kom om driehoekige gevegte te vermy en 'n eenheidsfront teen die Regering kan toon, dan sou ons die hele gewig van die O.B., nie net sy stemme nie maar ook sy hele organisatoriese steun, agter daardie gesamentlike opposisiefront inwerp — sonder dat die O.B. vir homself enige setel eis.



Dr. J. F. van Rensburg

Die aanbod is deur twee van die leiers aanvaar en deur een verwerp. **Deur die verwerping is die hoop verydel en kon ons die O.B. as organisasie nie in die stryd gebruik nie omdat hy vanselfsprekend 'n gesamentlike front wou dien en nie net een seksie van die republikeinse Afrikanerdom teen die ander nie.**

Nietemin het ons nog leiding oor die eleksie gegee en dit loënstraf ook (vir die tweede keer) die bewering dat die O.B. „sê hy sal nooit stem nie". Ons het in 'n reeks offisiersvergaderings en ook publiek in die pers en in pamflette aan ons lede gesê om, indien moontlik, vir 'n goedgesinde anti-Empire-kandidaat te stem, maar goed of sleggesind, stem anti-Empire. **Dit was in 1943 met die algemene verkiesing en temidde van 'n verbete offensief van een van die anti-Empire-partye teen die O.B.**

HERHAAL

Sedertdien het ons by bykans elke tussenverkiesing aan die opposisiekandidaat die aanbod van steun, met behoud van identiteit, gemaak en telkemale is dit van die hand gewys. Ek hoef nie verder te gaan as die aangrensende kiesafdeling, Hottentots-Holland, 'n maand of wat gelede.

Die O.B. het tenspyte van al die onderlinge verskeurdheid in die opposisie weer aan die H.N.P.-leiding ons organisatoriese steun aangebied sowel as ons stemme. **Al wat ons vanselfsprekend geëis het, was erkenning van ons identiteit as 'n bondgenoot.** Weer is dit geweier en ek vind dit nie vreemd dat die hele O.B. van daardie kiesafdeling die selfrespek gehad het om onder die omstandighede die aangebode steun nie op te dring waar dit openlik van die hand gewys is nie, en dat hulle soos een man en een vrou van die stembus weggebly het.

(Vervolg op bladsy 8)

## VRYHEIDSVUUR




Foto: J. H. de la Rey

**Die Vryheidsvuur word aangesteek deur Boeta Fourie, oud-politieke gevangene en mev. Van Heerden, moeder van Kokkie van Heerden, wat tans nog in die Sentrale Gevangenis 'n lang vonnis moet uitdien.**

# Vryheidsvuur Tart Reën In Soeloeland

Die Eshowese kommando, alhoewel klein in getal, het met groot geesdrif Vryheidsdag gevier op Heuweltop, die plaas van komdt. Harold Heine. Benewens Brandwagte en Offisiere was daar ook besoekers teenwoordig.

Vanaf sewe-uur is die inwendige mens versterk met heerlike braaivleis, boeregeregte en koffie deur die kommandant en sy gade voorgesit.

Die werklike funksie het begin met die inlywing van oom Heine senior, as lid van die Kommandoraad, deur die Hoofkommandant. Laasgenoemde het ook die aanwesiges gevra om 'n ander lid van die raad, nl. oom Jan Barnard, wat reeds 'n geruime tyd in die Eshowese hospitaal was, te salueer. Ons weet dat oom Jan se hart gebrand het om saam met ons te wees. Sy koervastheid en geesdrif in die saak, het hy gesê, is 'n riem onder die hart van elke Soeloelandse Brandwag.

IN REENT

Daarna is die offisiele program vir die aansteek van die vuur uitgevoer onder leiding van komdt. Heine. Die plaaslike kommandante het die boodskap aan die vroue voorgelees.

Om halfnege het dit egter hard begin reën. Nieteenstaande dit het twee Brandwagte die vuur gaan aansteek. **Met behulp van olie het die vuur eindelik in stortende reën helder opgevlam en bly brand tot na 10-uur. Gedurende die tyd het byna 'n duim reën geval.**

Die Boerejeug wat oorspronklik die optog na 'n nabygeleë koppie met brandende fakkels sou begelei, moes maar tevrede wees om die teken vir die aansteek van die vuur vanaf die ruime stoep te gee.

Die Hoofkommandant het in sy toespraak die stryd van ons Beweging vergelyk met die stryd van die vuur teen die elemente vanaand. Soos die vuur later nog gebrand het nadat die reën bedaar het so sal die Beweging nog voortleef en bloei in die toekoms gedra op die geesdrif en trou van sy lede.

'n Baie genoeglike en inspirerende funksie is afgesluit met die sing van „Die Stem."—(Eie korrespondent).

# Britte Verkoop Hul Vroue Nog In Jare Ná Groot Trek

**Die O.B. het 'n tyd gelede in 'n artikel aangetoon hoe primitief die Britte was op 'n stadium toe hul besig was om Afrikaners in Suid-Afrika op te hang in hul proses van „beskawing". Daar is toe gewys dat die Britse parlement by die geboorte van Paul Kruger nog steeds boekgehou het op kerfstokke soos die barbare dit gedoen het, in plaas van op papier.**

Dit is egter nie die enigste barbaarse gewoonte wat die Britte tuis beoefen het onderwyl hul sendelinge die naturelle in Suid-Afrika teen die beskaafde Boere opgestook het nie.

**Inderdaad het hulle in die jare van die Groot Trek nog hul vrouens per openbare veiling verkoop.**

Onderstaande word op gesag van die Cape Argus geplaas:

**„Mans het hul vrouens in Groot-Brittanje minder as honderd jaar gelede nog per openbare veiling verkoop. Die laaste geval wat aangeteken is, het in die herfs van 1852 plaasgevind (d.w.s. nadat die Boere-Republieke al gestig was — Red.) toe 'n man sy vrou na die markplein te Aylesford, naby Maidstone, gelei het met 'n halter om haar kop en haar vir 'n halfkroon verkoop het.**

„Op Pontefract het 'n man in 1815 'n veiling van sy vrou begin met 'n bod van 1s. Hy het haar uiteindelik vir 11s. verkoop. Die rekordprys in sulke transaksies waarvan boekgehou is, is £15.

'N HOND

„Die merkwaardigste geval van almal was ongetwyfeld die een wat op 5 Oktober 1832 (Oom Paul was toe al presies sewe jaar oud) plaasgevind het. Op daardie dag het 'n boer met die naam James Thompson sy vrou Mary te Carlisle opgeveil. Hy het die gebeurtenis deur middel van biljette aangekondig. 'n Houtverhoog is opgerig en die twee het daarop plaasgeneem, onderwyl Mary heeltemal opgeruimd vir haar vriende geknik het. Thompson het rond gekyk vir 'n bod, maar die skare was net geamuseerd. „Is daar niemand onder julle wat 'n vrou wil koop nie?" het hy gevra.

„'n Stem het daarop geantwoord: „Twintig sjielings", en die bieder het vir hom 'n pad na vore gebaan met 'n hond aan 'n tou. Thompson het gekibbel maar twintig sjielings was die meeste wat hy kon kry.

„Nou ja, goed", het Thompson gesê, „twintig sjielings plus die hond, en die meisie is joue".

„Dit was die finale aanbod en dit is geredelik aanvaar".

BRITSE STRAF

**Hierdie barbaarse praktyk in 'n land wat hom op daardie oomblik aanmatigend beywer het vir die geweldadige „beskawing" van een-derde van die wêreld is darem glo in 'n enkele geval op 'n sekere plek nie geduld nie, maar die optrede wat daarop gevolg het, verskaf nog minder krediet vir die Britse opvatting van reg as wat die verkoop van vroue sy aansprake op beskaafdheid ondersteun. In hierdie enkele geval is die man deur die plaaslike gemeenskap tot tien jaar swye gevonnis. In daardie tyd het niemand ooit met hom gepraat nie!**

## Welkom Reën

Aanhoudende sagte reëns in die droogte-geteisterde gebiede van die Karoo en Noordweste het verlede week verligting aan die boere gebring. Op verskeie plekke is tot twee duim reën gemeet.

Berigte oor reën is ontvang van Calvinia, Kenhardt, Beaufort-Wes, Prins Albert, Victoria-Wes en Uniondale.

## TREE AF



**Genl. J. J. Swanepoel**

Genl. J. J. Swanepoel van Dewetsdorp, wat weens onvermydelike omstandighede aftree (sy plek word geneem deur hfkmdt. D. J. Strauss), skryf:

Daar ek aftree as Bevelvoerende Offisier van Generaalskap C2, wens ek langs hierdie weg al die Offisiere en Brandwagte van harte te bedank vir hulle samewerking en getrouheid wat ek vir die meer as vyf jaar van hulle geniet het.

Hou koers en bly standvastig. Ons saak sal en moet seëvier.

Lank lewe die O.B.!

## Mooi Opkoms

Komdt. J. J. Louw van Marchand berig dat daar 'n pragtige opkoms was met Vryheidsdagviering en dat hy veral dankbaar was om te sien dat daar soveel Afrikaners wat nog aan die partystelsel glo, teenwoordig was. Ook hulle het nadat hulle die doel van die vuur gehoor het, hul stukkie hout op die vuur gegooi. Alles het goed afgeloop en die bedrag van £15 is ingesamel. Daar moet nou klaargemaak word vir die volgende groot dag wat binnekort voorlê.

## Presente Vir Ou Moeder

**Nu-Seeland het besluit om £10,000,000 aan Brittanje te skenk as erkenning vir die oorlogspoging van Brittanje. Australië het reeds besluit om aan Engeland £25,000,000 present te gee. Na verwagting sal genl. Smuts eersdaags aankondig wat Suid-Afrika se liefdesblyk sal wees. Engeland skuld die Unie ongeveer £10,000,000 en moontlik sal dit die bedrag wees.**

# Amajubadag en Koningsdag Val Saam In P.E.

Amajubadag is vanjaar in Port Elizabeth gevier op die uitspanningsterrein aan die Kaapse Weg naby Sewende Laan, Newton Park. Die verrigtinge het plaasgevind onder bevel van hfkomdt. P. C. Els.

Nadat komdt. Truter geopen het deur die lees van Ps. 47, het ds. S. J. du Plessis, van die plaaslike Gereformeerde Kerk, 'n gebed gedoen en in die volgende trant gespreek: „Februariemaand is Amajubamaand en koningsmaand. **Maar Port Elizabeth alleen het hierdie onderskeiding te beurt geval dat koningsdag en Amajubadag saamgeval het!** Gister en vandag was die stad vol vreemde vlae met slegs hier en daar 'n Unievlag, maar nêrens was die Vierkleur te sien nie, as net vanaand hier. Deur ons vlag en die vuur wat ons vanaand gaan aansteek, sal ons wys — dat ons nog nie verdring is uit Port Elizabeth nie.

„Doel van die koningsbesoek is om die Ryksbande stewiger aan te haal, maar ons doel is om daardie selfde bande af te brand. Die O.B. bly draer van die vlam van verset teen die Empire en daarom sal ons ook hier weer die Vryheidsvuur aansteek."

Op die gegewe tyd is die houtstapel aan die brand gesteek. Daarna het komdt. Truter die verklaring van die Grootraad voorgelees.

Saterdagmiddag, 1 Maart, is 'n funksie ter insameling van fondse op dieselfde terrein gehou.

## Op Beaufort-Wes

Vryheidsdag is op 27 Februarie op Beaufort-Wes gehou. Na die verrigtinge om 1-uur deur kommandant J. J. le Roux met gebed geopen is, is lekkernye verkoop, wat die mooi bedrag van £50-10-10, insluitende offergeld, ingebring het.

Onder voorsitterskap van wagkaptein D. de Vos is die verrigtinge die aand om 7-uur voortgesit en het veldkornet P. F. de Vos geopen met skriflesing en gebed. Kommandant S. J. Krynauw het 'n welkomswoord gespreek.

Generaal H. J. du Toit het in 'n kort toespraak die ouers gevra om tog hul kinders wat die toekomstige O.B.'s is, na die O.B.-kampe te stuur, en offisiere gevra om geldelike hulp te verleen aan sulke kinders, indien nodig.

As hoofspreker het opgetree hoofkomdt. A. C. Swanepoel wat o.a. gesê het dat die erwe van ons vaders in vreemde hande geval het, met die gevolg dat ons vandag 'n werkende volk is, i.p.v. 'n heersende volk.

Hierna het kommandant. Gert Cilliers die fakkels in gereedheid gebring en vier dogters en vier seuns het plegtig die vryheidsvuur aangesteek. (Korr.)

## Geen Motors Vir Britte

Ten einde sy buitelandse mark te behou en mededinging met Amerika moontlik te maak is aangekondig dat nog geen nuwe motors vir die volgende jaar aan die Britse publiek gelewer sal word nie. Alle motors wat vervaardig word, is bestem vir uitvoer na die buiteland. Om die toestand te vererger is motoronderdele haas onbekombaar in Engeland.

## Geen Kos Meer Vir Kommuniste

**Die Verenigde State het die versoek van die kommunistiese Joego-Slawiese regering om 100,000 ton koring, van die hand gewys. Daar is ook aangekondig dat die V.S.A. twee van die drie skeepsladings aartappels wat vir Unrra in Joego-Slawië bestem was, gekanselleer het, en dit nou na Duitsland sal stuur. As rede vir die stad word verklaar dat Amerika reeds te veel koring uitgevoer het en dat daar nie hongersnood in Joego-Slawië is nie.**


## INTEKENING OP „DIE O.B."

*Dit kom dikwels onder ons aandag dat persone wat „Die O.B." van vriende ontvang en graag gereelde intekenare op die blad wil word, nie weet waar om in te teken nie.*

*Vir die gerief van sulke persone plaas ons die nodige intekenvorm hieronder. Voltooi net die vorm en pos dit saam met die intekengeld van 10/- per jaar (of 5/- vir ses maande) aan: Voorslag (Edms.) Bpk., Posbus 28, Stellenbosch.*

INTEKENVORM

DIE SIRKULASIEBESTUURDER,
VOORSLAG (EDMS.) BEPERK.
POSBUS 28 — STELLENBOSCH.

Neem asseblief my naam op as intekenaar op „DIE O.B." tot ek u kennis gee om die intekening te staak. Ek sluit die bedrag van £ : : vir die eerste twaalf/ses* maande hierby in.

NAAM ..........................................................
(Blokletters)

POSADRES ..........................................................
..........................................................

Datum .......................... ..........................
Handtekening.

*) Skrap wat nie van toepassing is nie.

# A.K.G. Spoor Aan Tot Stryd

## Koers Van Die O.B. Seëvier

**Genl. J. A. Smith, adjunk-K.G., het hom besonder hoopvol uitgelaat oor die toekoms van ons volk by die geleentheid van die Stellenboschse vergadering verlede Saterdagaand. Die A.K.G. het die toenadering tussen mnr. Havenga en dr. Malan verwelkom as 'n noodsaaklike verdere stap in die rigting van volkseenheid. Mnr. Havenga en die O.B. het reeds verlede Novembermaand stewige bande van vriendskap gesmee.**

**Die A.K.G. het die totstandkoming van 'n O.B.-studentefront op Stellenbosch verwelkom en die studente hartlik uitgenooi om te kom deelneem aan die volkstryd.**

In hierdie dae van onsekerheid en skommeling in die wêreld is dit aangenaam vir ons om te weet dat ons 'n faktor kan wees in die herskepping van toestande, het genl. Smith gesê. Die wêreld ondergaan 'n reoriëntering van magte. Ons sien groot nasies in verwarring raak en uitsak en ons sien ander groot nasies opkom. **Ons sien ook dat die moeilikste en hoogste taak van die Afrikanervolk — sy strewe na vryheid — nader aan verwesenliking kom. Ons sien dat die oorsaak van die Afrikanervolk se onvryheid en gebondenheid, nl. die Britse Ryk sy bande losser maak. Geleenthede vir die vrywording van die Afrikaner word gunstiger — ons moet die geleenthede aangryp. Daarom dat die O.B. opnuut die volk aanspoor tot stryd — tot die lewebringende stryd vir ons hoogste ideaal.**

Watter reg het die O.B. om tot aksie op te roep?

Omdat die O.B. sy bestaansreg volkome regverdig het.

DIE KOERS VAN DIE O.B.

**Die samekoms van ons volk wat tans besig is om in ons land plaas te vind is presies die koers wat die O.B. nog altyddeur aangewys het.** Vanmôre het ons gehoor van die toenadering tussen die A.P. en die H.N.P. Verlede Novembermaand het die O.B. en die A.P. mekaar reeds gevind. Dis almal stappe tot die bymekaarbring van die volk.

**Ek is vanaand meer hoopvol as ooit tevore vir die toekoms van die volk en van die O.B.,** het die A.K.G. verklaar.

BREË VOLKSEENHEID

Volkseenheid was nog altyd die O.B. se hoofdoel. **Vanaand staan ons op die drumpel van 'n Volksfront waarin almal kan saamwerk, met behoud van identiteit. Ek dank die Allerhoogste dat die O.B. staande gebly het, tenspyte van alles, as die draer van 'n breëre volkseenheid.** En vanaand voel die O.B. dat hy besig is om die begeerte van die volk tot eenheid verwesenlik te kry.

Daarom is die situasie hoopvol vir die toekoms — en as elkeen sy gewig inwerp is die oorwinning moontlik.

Die posisie van die volk is so sterk, dat dit selfs nodig geword het vir die Britse koning om die bande van die Empire hegter te kom smee.

HERTZOG SE BOODSKAP

Waar die Afrikanervolk nou besluit het om gesamentlik te gaan optree, laat ons dit doen ooreenkomstig die beleid wat die grootste seun van Suid-Afrika, wyle genl. Hertzog, in sy laaste boodskap aan ons nagelaat het, het die A.K.G. gesê. Die boodskap lui:



GENL. J. A. SMITH

„Die stadium van ontwikkeling van die Europese mensdom met sy ingewikkelde ekonomiese en maatskaplike bestaanslewe vereis vandag die herskepping van die grondslae en instellinge van sy staatkundige en maatskaplike bestaans- en bedryfslewe, op die basis van 'n Christelik-nasionaal Republikeinse gesagstaat gelei en gevoerd na die beginsels en beleid van 'n Suid-Afrikaans-nasionale sosiale aard, wat sy aanpas by die lewenswyse, morele opvattings en godsdienstige beskouinge van die Afrikanervolk en wat streef na die hoogste en mees algemeen uitgebreide mate van Volksgeluk en Volkswelvaart, beide geestelik en stoflik."

Laat dit ons strewe wees en alles sal goed gaan en regkom het die A.K.G. besluit.

# Duidelike Teenstelling Op Harrismith

## Hier Welf . . hier Waiblinger!

In die Middeleeue in Italië het daar twee groot seksies bestaan wat eintlik as die twee teenstellinge in die openbare lewe ook gegeld het. Die een seksie het hulle geskaar om die vorstelike huis Welf (waaraan die huidige Engelse koningshuis vandag nog behoort) en die ander om die vorste Waiblinger. In enige meningsverskil wat tot botsing gelei het was dit 'n bekende kreet: „Hier Welf!" en „Hier Waiblinger!" wat onmiddellik nabystaandes, wat met die geskil onbeken was, laat toesnel het om hulle geestesgenoot (dikwels 'n vreemdeling) ter syde te staan.

Op Harrismith het daar iets soortgelyks gebeur op Donderdag, 13 Maart. Die koning van Engeland het ontvangs in Harrismith gehou en die O.B.-hoofkommando het op 'n plaas wat aan die dorp grens, 'n O.B.-dag gehou. Hier Welf....Hier Waiblinger! Hier koningsgesinde....Hier Republikein! Aan iemand se geselskap word hy in sulke tye geken.

Van die koningsfunksie het ons niks te berig nie; maar die O.B.-funksie het goed verloop en met jukskeispele onder die bome en met 'n toespraak van gebiedsgeneraal P. J. Grobler en van die K.G. (wat van Vrede daarvoor oorgekom het) die verskil tussen die „muise-republikanisme" en die republikanisme van die O.B. beklemtoon. Vir ingeval daar vanuit die nabye Harrismith moleste kon oorwaai, is enige wagte, onder wie 'n stuk of agt puikwagte van die Rand onder generaal Hein Richter, ook onder die feesvierendes gewees. Hulle teenwoordigheid en die moeite wat hulle gedoen het om spesiaal vanuit die Rand na Harrismith te kom, word besonder hoog op prys gestel en is 'n klinkende bewys van die solidariteit van die O.B.....een vir almal en almal vir elkeen!

## MYNWERKERS DIE DEUR GEWYS

**Driehonderd-en-sestig mynwerkers wat aan die goudmynstaking deelgeneem het, en 17 uit die 23 lede van die mynwerkerskomitee is nie weer deur die myne in diens geneem nie, volgens 'n verklaring van mnr. D. Ellis, sekretaris van die Verenigde Mynwerkerskomitee.**

**Onder die mynwerkers heers daar 'n ernstige gevoel van verontwaardiging oor die behandeling wat hulle by die terugkeer na hul werk ontvang het.**

## S.A. Seuns As Vakmanne Afgewys

**Terwyl die regering besig is om sogenaamde vakmanne van oorsee in te voer omdat hier 'n groot arbeidstekort bestaan, maak hy nie genoegsame voorsiening vir die opleiding van Afrikaanse vakmanne in Suid-Afrika nie. Ongeveer vyftig persent van die manne wat in die afgelope jare in Suid-Afrika aansoek gedoen het om as vaklui opgelei te word, is van die hand gewys. Van die aantal wat by die Spoorweë aansoek gedoen het, is bietjie meer as 26 persent aangeneem. Die res moes maar toesien en 'n ander beroep volg.**

In die afgelope jare het altesaam 20,750 manne aansoek gedoen om opgelei te word as vakmanne. Van hulle is net 10,500 aangeneem. By die spoorweë het 10,952 aansoek gedoen en 8,714 is die deur gewys.

Mens vra jouself af of die regering hierdie manne doelbewus afgewys het met die doel om plek te hou vir die vreemde vakmanne van oorsee?

**Volgens mededeling van immigrante wat verlede week per skip in Kaapstad aangekom het, was 'n groot deel van hul mede-immigrante op die skip inderdaad geen vakmanne nie, maar oudlede van die Britse Lugmag wat leeglêers is en op Suid - Afrikaanse gasvryheid wil kom teer soos tydens die oorlog.**


Stuur u POSBESTELLINGS vir
- KANTOORBENODIGDHEDE en
- SKRYFBEHOEFTES

na

SOLMS VAN NIEKERK

Groote Kerkgebou, Parlementstraat, KAAPSTAD — Foon 27017

Lyk Hierdie Jaar Op U Beste!!

Ons bied die Allerjongste oggend- en middagrokke aan.

Lo- en Fremode Kostuums - - -

VAN ZYLS

Hoofstraat - - - Paarl

BRILLE

Bring u oogarts se voorskrif vir brille na ons.

GOEIE WERK TEEN BILLIKE PRYSE.

GEHOORAPPARAAT

Die Voortrekker-Apteek

Kerklaan, KAAPSTAD.

Maitlandstraat, BLOEMFONTEIN.

Besoek ons of skryf om Besonderhede.

A.V.B.O.B.

Lykbesorgers, Grafsteenmakers, Begrafnisversekeraars

Bloemfontein — Pretoria

130 Takke

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE EIERS en ander PRODUKTE aan te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.

(Edms.) Bpk

MOREMARK (Posbus 7185) Newton

STUDEER U?

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL KAN AL U STUDIE-BOEKE VOORSIEN!

Wetenskaplike Boeke oor die volgende onderwerpe is nou in u EIE TAAL beskikbaar

Wiskunde:




ANALITIESE MEETKUNDE

VAN DIE PLAT VLAK

deur Prof. D. J. van Rooy 20/6 posvry

Physiologie:

- MENSLIKE PHYSIOLOGIE

deur Dr. H. E. Brink Deel I en II — 21/- elk posvry

Opvoedkunde:

- INLEIDING TOT DIE ALGEMENE TEORETIESE OPVOEDKUNDE
deur Prof. dr. J. C. Coetzee . . . . . . . . . . 15/6 posvry

Bantutale:

- INLEIDING TOT DIE STUDIE VAN SUID-SOTHO
deur Prof. dr. B. I. C. van Eeden . . . . 12/6 posvry

Soölogie:

- DIE ONTLEDING VAN DIE KONYN
deur Dr. C. Grobbelaar . . . . . . . . 13/9 posvry

Regsleer:

- INLEIDING TOT DIE ALGEMENE REGSLEER
deur Prof. L. J. du Plessis . . . . . . . . . 3/- posvry

Ekonomie:

- INLEIDING TOT DIE EKONOMIE
deur Prof. C. G. W. Schumann en Prof. D. G. Franszen . . . . . . . . . . . . 20/6 posvry

VRA OM VOLLEDIGE LYSTE

Pro Ecclesia-Boekhandel

Posbus 29 STELLENBOSCH

DIE O.B., WOENSDAG, 26 MAART 1947

# Die Volgende Stap

Die ooreenkoms tussen mnr. Havenga en dr. Malan sal deur die hele volk verwelkom word as 'n beslissende stap in die rigting van volkseenheid. Die gees waarin hulle mekaar gevind het, is die wat die O.B. in die afgelope jare reeds bepleit het, naamlik behoud van identiteit en verder slegs onderlinge vriendskap en welwillendheid. Daar is nie tougetrek oor allerlei eise nie; dis 'n blote vriendskapsverdrag. Uit so 'n vriendskapsooreenkoms sal die nodige vertroue en begrip wat noodsaaklik is vir 'n hegter eenheid noodwendig groei. **Laat ons mekaar eers as vriende erken en as bondgenote saamwerk en dan sal ons vind hoe weinig ons in werklikheid van mekaar verskil, het ons herhaaldelik in die verlede beklemtoon.**

Hoe belangrik ookal, bly hierdie ooreenkoms egter net die eerste stap. **Daar is nog ander groepe, waarvan die O.B. die grootste is, wat hul gewig by so 'n kombinasie moet ingooi voordat ons volk daardie nodige slaankrag sal hê wat 'n oorwinning by 'n eersvolgende verkiesing kan waarborg.**

SELFVERTROUE NODIG

Die Ossewabrandwag is wat getalsterkte betref vandag 'n magtige faktor. Daar is kiesafdelings waarin hy 'n onbeduidende minderheid vorm — dit gee ons toe; daar is baie kiesafdelings waarin sy lede die deurslaggewende stemmeblok vorm, en daar is ook kiesafdelings waarin 'n O.B.-kandidaat, indien daar soiets sou wees, die meerderheid in 'n driehoekige geveg sou behaal. **Maar dit is nie in die eerste plaas 'n kwessie van soveel duisende stemme nie. Die eerste voorwaarde vir 'n nasionale oorwinning is 'n geesdrif soos ons dit tydens die Ossewatrek en later by Monumentkoppie en Bloemfontein (met die republikeinse vergadering) ondervind het. Die selfvertroue van ons volk sal eers herstel moet word voordat daar sprake kan wees van 'n verkiesingsoorwinning, en daardie selfvertroue kan onmoontlik herstel solank die een of ander magtige Afrikanergroep uitgesluit staan van samewerking.** Solank deelname aan 'n verkiesing deur 'n groot deel van die volk beskou word as 'n onaangename plig, indien nie 'n persoonlike vernedering nie omdat hulle moet stem vir mense wat hulle vyandiggesind is, solank kan daar geen sprake wees van geesdrif nie — **nie by hulle en ook nie by daardie tienduisende Afrikaners wat vandag op die politieke draad sit uit wanhoop vir die onderlinge twis nie.**

Maar wat 'n geweldige opbruising van geesdrif sal daar nie deur ons volk stroom indien daar môre of oormôre bekend gemaak kan word dat die Afrikanerdom in geslote geledere die stryd gaan aanknoop om sy selfbehoud nie!

Die Ossewabrandwag se minimale voorwaardes vir so 'n samewerking blyk uit al sy vorige aanbiedinge van steun, en nou weer opnuut uit die K.G. se toespraak.

Waar die H.N.P.-leiding nou ingewillig het om met die Afrikanerparty saam te werk op die grondslag wat die Ossewabrandwag bepleit, wat verhinder dat dieselfde vriendskapsverdrag nie ook met die Ossewabrandwag gesluit kan word nie? Die O.B. het herhaaldelik beklemtoon dat hy vir homself geen setels eis nie, al wat hy verlang is dat die vyandskap teen hom gestaak moet word en dat hy as bondgenoot in 'n Afrikanerfront erken word. **Mnr. Havenga het sy bondgenootskap reeds aanvaar; wat verhinder dat dr. Malan dit ook doen?**

Soos die K.G. gesê het, is die sirkel van so 'n front reeds halfpad voltooi. Dit sal heeltemal voltooi wees indien dr. Malan ook die hand van vriendskap van die O.B. neem. **So 'n daad sal daardie golf van geesdrif en selfvertroue by die volk laat opbruis wat noodsaaklik is vir die oorwinning. Die gevare wat ons volk bedreig, lê 'n sware verantwoordelikheid op dr. Malan indien sy houding oorsaak gaan wees dat daardie geesdrif onbenut lê en die volk sy laaste slag verloor.**

# Geen Veroweringsreg

Genl. Smuts het verlede week in die parlement verklaar dat hy bereid is om Suidwes by die Unie in te lyf en die gebied verteenwoordiging in die parlement te gee asof dit 'n onafskeidbare deel van die Unie is. Hy het dit gedoen nadat mnr. Eric Louw inlywing van die gebied voorgestel het. As grond vir sy voorneme het genl. Smuts onder meer genoem:

„Toe ons die toekomstige voogdy van Suidwes-Afrika aanvaar het, was ons inderdaad op 'n goeie grondslag. **Ons manne het die gebied verower en dit beset.** Ons het dit vir 'n leeftyd bestuur."

Ons wil dadelik verklaar dat hoewel ons inlywing van Suidwes op 'n regverdige grondslag beskou as noodsaaklik vir albei kante, ons ons nie vir 'n oomblik kan vereenselwig met die grond wat genl. Smuts daarvoor aanvoer nie. Verowering word weliswaar deur die volkereg erken, **maar vanuit 'n godsdienstige en etiese standpunt kan so iets nooit geregverdig word nie. Die verowering van Suidwes deur die Unie het laasgenoemde nie 'n greintjie reg gegee om daardie gebied in te lyf nie.** Die enigste grond vir soiets is die begeerte van die regmatige inwoners van daardie gebied, net soos die begeerte van die inwoners van Danzig 'n billike grond vir inlywing by Duitsland was, maar deur genl. Smuts en sy vriende misken en as oorsaak vir oorlog aangegryp is.

# Inligtingskantoor Aanvaar O.B.-Wenk Met Verligting

**Die publisiteitsdiens van die Unie, plaaslik maar veral in die buiteland, laat veel te wense oor en is glad nie doeltreffend genoeg om die wanindrukke wat in die buiteland oor Suid-Afrika bestaan, uit die weg te ruim nie. Die rede hiervoor is die gebrek aan 'n doeltreffende skema, tekort aan bekwame personeel en veral 'n gebrek aan fondse — hoewel daar geen tekort aan geld is om publisiteit aan die koninklike besoek te verleen nie.**

Hierdie onthullings oor die leemte en gebreke in die staatsinligtingsdiens is deur 'n gesaghebbende wat nou in voeling met hierdie werk staan, aan Die O.B. openbaar.

**Die mening is uitgespreek dat die boekies en pamflette wat deur die staatsinligtingskantoor oor die Indiërs, naturelle en Suid-Afrikaanse aangeleenthede in die buiteland versprei word, nie veel verder as die kantoor self gaan nie en hoogstens 'n paar amptenare bereik.** Hierdie inligting bereik nie die gewone man op straat nie en dit is juis vir hierdie mense wat die inligting bedoel is.

Om die publisiteitsdiens doeltreffend te maak, sal dit vir die regering nodig wees om baie meer aandag aan hierdie belangrike saak te bestee. Dit word op die oomblik maar net as 'n bysakie beskou, aldus ons segsman.

DOEN NIKS

Die gebrek aan eie inisiatief om iets uit te rig, spreek baie duidelik uit die optrede van die plaaslike kantoor. Die kantoor onder wie die publisiteitsdiens vir die pers val, het aan Die O.B. erken dat hulle die belangrikheid van die saak besef om die buitelandse persverteenwoordigers wat saam met die koning toer, van inligting oor die Unie te voorsien, maar sonder meer word erken dat hulle niks in hierdie verband gedoen het nie.

**Die gevaar dat kwaadwilliges wat die saak van die Unie ten opsigte van die Indiërs en Suidwes nie goedgesind is, hierdie besoekende persmanne — hulle is sestig in getal — onder die verkeerde indruk mag bring oor die werklike toedrag van sake, is deur die publisiteitskantoor ook erken.** Hulle het egter nie die ondernemingsgees om die pamflette oor Suidwes en die Indiërvraagstuk aan hierdie manne uit te deel nie. Toe die kantoor daarop gewys is dat dit een metode is om die besoekende persmanne van inligting te voorsien, het die idee groot byval gevind en met groot verligting is verklaar dat dit 'n goeie idee is.

ONDER STOF

Feit is egter dat hierdie pamflette toe onder die stof in 'n kis weggepak is en blykbaar nadat hulle gedruk is, skoon in die vergetelheid geraak het.

Op die oomblik stel die publisiteitskantoor uitsluitlik belang in koningsberigte en is alle ander sake uit die oog verloor. Dat hulle wel vinnig kan optree as dit koningspublisiteit betref, blyk uit die feit dat met die siekte van die persbeampte uit Brittanje, mnr. Mockford, die Kaapse kantoor dadelik 'n amptenaar gestuur het om die reëlings vir die pers oor te neem dat seker gemaak kan word dat dit nie weer gebeur dat die pers een of ander funksie boikot, soos dit die geval op Pietermaritzburg was nie.

# Unie-Burgers Betaal Britte om Skaars Kos te Kom Haal

**Die gesubsidieerde uitvoer van voedsel uit Suid-Afrika na Brittanje waarmee die regering sedert die aanvang van die oorlog nuwe rekords geslaan het, duur onverpoosd voort. In die afgelope diensjaar het die regering £40,100 aan subsidie betaal op vleis en kaas wat goedkoper aan Engeland verkoop is as wat verbruikers in Suid-Afrika daarvoor moes betaal.**


**Dieselfde beleid is verlede jaar ook ten opsigte van botter gehandhaaf toe 50,000 kissies botter na Engeland verskeep is.** Die gewone verbruiker in Suid-Afrika het hom toe gelukkig geag as hy 'n kwart pond per week kon bekom.

Verlede jaar kon die Minister van Landbou in die parlement bekend maak dat die Unie sedert 1930 alleen ten opsigte van botter en kaas £1,599,051 aan uitvoersubsidie betaal het. Hierdie uitvoer het hoofsaaklik na Engeland plaasgevind.

Gedurende die afgelope diensjaar kon die regering nogmaals die welbehae van die Engelse inoes. Op die 2,181,556 pond beesvleis het die regering byna £241,000 van die belastingbetaler se geld aan subsidie betaal omdat hy die vleis so goedkoop aan Engeland verkoop het. Op die 443,921 pond kaas is £16,536 betaal. Dit beantwoord ook sommer meteens die vraag waarom daar verlede jaar vleislose dae en kaaslose maande moes wees.

# Bloeitydperk Vir S.A.

'n Ongeëwenaarde bloeitydperk het vir **Suid-Afrika aangebreek, het mnr. J. W. Mushet** Minister van Pos- en Telegrafie, verlede week verklaar. Hy het die belegging van buitelandse kapitaal as 'n bemoedigende teken beskryf en ver-



**Mnr. J. W. Mushet**

klaar dat sowat £100 miljoen Britse kapitaal in Suid-Afrika belê is.

Spr. het ook 'n beroep op fabrikante gedoen om die hoë pryse van goedere in die Unie te verlaag. Hy het gesê dat dit geen liefdadigheid is nie, dog goeie besigheid.

# Voer Sement Uit Al Staan Bouery Stil

**Te midde van die skaarste aan boumateriaal het die Unie gedurende die eerste agt maande van verlede jaar 22,574 ton sement na die buiteland uitgevoer. Die syfers vir die orige van die jaar is nog nie beskikbaar nie, aldus die Minister van Ekonomiese Ontwikkeling, mnr. S. F. Waterson, in die volksraad.**

Om homself voor die huislose publiek te verontskuldig, het hy daaraan toegevoeg dat die sement in werklikheid uitgevoer is „voordat daar 'n tekort aan sement plaaslik ontstaan het." Die Minister het blykbaar met hierdie verklaring daarop staatgemaak dat die geheue van die publiek maar baie kort is en dat hulle nie sal onthou wanneer die tekort eintlik ontstaan het nie, of sy eie geheue is baie kort.

**Reeds teen die middel van verlede jaar was die tekort aan sement so kritiek dat 'n opname van die voorrade-posisie noodsaaklik geword het. Dit het aan die lig gebring dat die Unie se posisie treurig is, en dat 'n vermeerdering van vyftig persent van die huidige produksie nodig is.** Daar was ook geen invoer van sement nie. Lank voor hierdie tyd was die pers oorstroom van berigte dat boubase geen permitte kon kry nie omdat daar nie sement en ander materiaal beskikbaar was nie, maar veral sement.

Aan die einde van Augustus verlede jaar, dus geluktydig met die „periode toe sement plaaslik nog nie skaars was nie", het die boukontroleur, min. J. W. Mushet, aangekondig dat die posisie so ernstig is dat sement ingevoer sal moet word. Die prys van hierdie sement was egter byna dubbel die prys van die binnelandse produk, en was boonop onverkrygbaar, soos later geblyk het.

DIE
# Boere Jeug
AMPTELIKE ORGAAN

BYVOEGSEL TOT „DIE O.B." VAN WOENSDAG, 26 MAART 1947

## Veldkornette ! !

Veldkornette(s) word daaraan herinner dat hulle rapporte vir die kwartaal wat op 31 Maart eindig hulle Jeugkommandant(e) nie later as 7 April moet bereik nie. Stuur u verslag dus dadelik. Rapportvorms is by die Jeughoofkommandant verkrygbaar.

# LANDSDIENS

**Die Landsdiensgedagte is so eie aan ons volksverlede, dat dit sonder moeite ingang behoort te vind by elke opregte Afrikanerseun en -dogter. Toe ons volk nog feitlik sonder uitsondering tot die boerestand behoort het, het hul daaglikse arbeid hul in noue kontak met die vrye natuur gehou. Vandag, waar steeds meer en meer van ons volksgenote 'n heenkome in die stad vind, maak die ontstaan van die Landdiensideaal dit tog moontlik vir die jeug om bodemliefde te ontwikkel deur bodemdiens te lewer.**

Waar arbeidsdiens insluit alle vorme van volksdiens wat verrig word sonder om self voordeel daaruit te trek, sien die Landsdiens hoofsaaklik op hande-arbeid wat aangewend word vir die ontwikkeling van die eie bodem. Dis deur 'n afdeling van die Arbeidsdiens wat veral by die seun tuishoort, maar tot 'n sekere mate kan dogters ook baie nuttige landsdiens verrig; dink maar b.v. aan sulke aspekte soos tuinwerk, en verfraaiing van die omgewing. Dogters kan ook help met die bestryding van gronderosie en allerlei landsplae, maar uit die aard van die saak is dit meer die seun se terrein, soos ook die geval is met allerlei vorme van plaaswerk.

**By wie hierdie landsdiens eers posgevat het, kan dit nie meer verkwansel word vir die oppervlakkige tydverdrywe wat die stad aanbied nie, want slegs die allerbeste wat in die mens is word ontlok deur sulke gesonde liggaamlike ontspanning in die vrye natuur.**

### KAMERAADSKAP

Die verrigting van Landsdiens hou groot opvoedkundige waarde in. Deurdat dit bloot vrywilliglik geskied, skep dit by die persoon die gees van arbeidsaamheid en offervaardigheid, en die wete dat hy deur liggaamlike inspanning ware volksdiens verrig, gee hom selfvertroue.

Landsdiens kan ten beste tot sy reg kom op 'n laertrek spesiaal vir dié doel gehou. Op sulke laertrekke word ware kameraadskappe aangeknoop wat nooit weer sal kan gebreek word nie. Geen wonder dus dat sommige van die laergangers wat die eerste Landsdienslaer van die jeug op Amajuba in Januarie 1943 bygewoon het, in trane weer moes afskeid neem nie! Meer as 200 laergangers het hierdie kamp bygewoon en teen die helling waar hul voorouers 62 jaar gelede nie geskroom het om hul lewens te waag in diens van hul volk nie, het ook hierdie jong Afrikaners ware volksdiens verrig deur die aanplant van gras en bome.

### NAASTELIEFDE

Landsdiens leer ons allermins om intellektuele werk te minag — slegs moet ook die hande-arbeid tot sy reg kom, en in hierdie verband dink ons in die besonder aan die werk van die landbouer. Deur self kennis te maak met die probleme waarmee hy aldag te kampe het, ontwikkel ons opregte waardering vir die boer en die arbeid wat hy daagliks verrig. Dit bring dus mee dat daardie volksband wat ons aanmekaar bind, versterk word, en daarby die wete dat: „Ek is my broer se hoeder."

Hierdie kennismaking met die landbouer se moeilikhede wakker ook die inisiatief geweldig aan, want „'n boer maak 'n plan!" So word dus ook 'n sterk verantwoordelikheidsbesef gekweek. In kort kan ons sê dat die seun wat geleer het om op die hoë terrein van die Landsdiensideaal te lewe, feitlik al die eienskappe aanleer wat van hom waarlik 'n man gaan maak!

**Vanaf Vrydag, 29 Maart tot 11 April, het alle Boereseuns van Natal, Vrystaat en Transvaal weer die geleentheid om so 'n landsdienslaer by te woon op Amajuba. Maar die dogters se beurt kom ook — hou maar moed!**

## Arbeidsdiens!

'n Pragtige voorbeeld van arbeidsdiens is weer gestel deur Sarie en Coenie Theron van Koffiefontein, onderskeidelik 8 en 4 jaar oud. In „Die Boerejeug" van 29 Jan. het 'n kiekie van die tweetjies verskyn toe hulle 12/- opgestuur het vir die Boerejeug-Noodhulpfonds. Daarna is alweer 7/- van hulle ontvang vir dieselfde fonds. Al die geld verdien hulle self deur allerlei werkies te verrig.

Wie gaan dit vir hulle nadoen?

# DIE TROTS



Foto: J. H. de la Rey

**Boeredogters-offisiere, van Gesantskap F4, Pretoria, geneem by geleentheid van Vryheidsdagviering, 8 Maart. Die trots van die Generaalskap. En die drag wat sy dra, is enig van sy soort; soos die volk waartoe sy behoort, het dit gegroei uit hierdie bodem en het dit die simbool geword van dit wat die een geslag aan die ander bind en van die mooie in die Afrikanerdogter: die skoonheid van haar karakter; haar eenvoud en nederigheid en haar bereidwilligheid tot die diens van haar volk.**

# VELDWERK

Hierdie keer gee ek julle nog 'n paar wenke oor hoe die hoogte van 'n voorwerp bereken kan word.

### HOOGTESKATTING


1. Stap 'n endjie van die gebou of boom wat gemeet moet word, weg. Buk nou met die bolyf vooroor en kyk tussen jou bene deur. Stap weer 'n endjie aan en kyk weer tussen jou bene deur. Sodra jy die toppunt van die gebou of boom op dié wyse die eerste keer kan sien, maak jy 'n merk op die grond. Die afstand wat jy gestap het, is ongeveer gelyk aan die hoogte van die gebou of boom. Hierdie metode vereis egter baie oefening om die hoogte naastenby reg te skat.

2. Neem 'n stok waarvan jy die lengte weet en hou dit regop op die grond. Meet die skadu wat die stok gooi. Verdeel die stok se skadu in die skadu wat die gebou of boom wat geskat moet word, gooi en werk daarvolgens die hoogte van die gebou of boom in vergelyking met die lengte van die stok uit.

3. Skat die hoogte van 'n gebou volgens die aantal verdiepings waaruit dit bestaan. Kry eers die hoogte van een verdieping en vermenigvuldig dit dan verder.

4. Stap 10 tree weg van die voorwerp wat gemeet moet word en plant daar 'n stok wat in jaarts afgemeet is. Stap nou nog 'n tree verder en korrel dan van die merk op die grond na die toppunt van die voorwerp wat jy wil weet. Let op watter punt van die stok in lyn met die toppunt van die voorwerp is.

Vermenigvuldig dan die lengte op die stok aangegee (in tree of jaarts) met die afstand gestap (11 tree).




5. Vir die volgende metode kan 'n gewone liniaal of 'n stok wat in duime afgemeet is, gebruik word. Hou die maatstok armlengte van die lyf weg sodat dit die hele lengte van die boom wat gemeet moet word, dek. Kyk hoeveel duim op die stok aangedui word. As die afstand van die boom in voet 10 keer so groot is as die lengte van jou armlengte in duim, dan is die hoogte van die boom in voet tien keer die hoogte in duim van die maat van die stok. As jou armlengte bv. 24 duim is en die afstand van die boom is tien keer 24 voet, of 240 voet, en die maat van die stok 5 duim is, sal die hoogte van die boom 10 x 5 = 50 voet wees.

Dieselfde metode kan, omgekeerd, gebruik word om die afstand wat jy van die boom staan, te meet:

Afstand = $\dfrac{\text{hoogte van voorwerp x armstrekking}}{\text{stokmaat}}$

6. Hou 'n stokkie armlengte sodat dit die voorwerp dek. Draai nou die arm sodat die stokkie horisontaal lê. Merk die plek waar die stokkie se punt die grond langsaan die boom raak en tree die afstand van die voorwerp na daardie punt af. Dit sal die hoogte van die voorwerp wat gemeet is, aangee.

Volgende keer sê ek vir julle hoedat die breedte van 'n rivier gemeet kan word, en dan doen ons moontlik ook so 'n ietsie van kaartwerk. Intussen kan julle maar kyk hoe goed julle hoogtes kan skat.

### VERJAARDAGKETTING

**Agterstallig:**
11 MAART: Gertruda Muller, Aughrabies.
13 MAART: Anna Theron, Aughrabies.
23 MAART: Janetta Slippers, Aughrabies.
1 APRIL: Elizabeth Fourie, Sutherland. Rita Wolmarans, Karreedouw.
2 APRIL: Dan Esterhuizen, Paarl.
3 APRIL: Jan Slabbert, Paarl. Hester Lombard, Luckhoff.
6 APRIL: Rynie Basson, Wellington. Jeanne Grobbelaar, Fauresmith. Susanna Kotze, Zeerust.
7 APRIL: Gideon Slabber, Paarl. Estelle Pauw, Wellington.
8 APRIL: Hennie Dürr, Malmesbury. Jan Slippers, Aughrabies. Astrid Frankot, Stellenbosch.
9 APRIL: Elsa Welthagen, Mooinool. Louisa Laubser, Stellenbosch.

# Wenke Aan Veldkornette(s)

Sonder oordrywing kan ons sê dat u die belangrikste taak van ons jeugbeweging behartig, nl. die persoonlike kontak met die Jeug self. Die pligte van die hoëre Boerejeugoffisiere dien in die laaste instansie hoofsaaklik om u in hierdie hoedanigheid behulpsaam te wees.

Boerejeughoofkwartier is dan ook daar om u by te staan waar u moeilikhede in u afdelings ondervind — moet dus nie skroom om ons daarvan te laat weet nie. Ons sal hulle vir u probeer oplos deur praktiese wenke aan die hand te gee in hierdie rubriek. Graag ontvang ons dus ook aanbevelings van offisiere wat al goed op stryk is met hul afdelings en uit ondervinding al baie omtrent jeugwerk geleer het, sodat die ervaring van die een ook vir die ander tot voordeel kan strek.


Natuurlik verwelkom ons ook bydraes in die vorm van wenke of idees, van hoër Boerejeugoffisiere, offisiere van die Groot O.B., Jeugoffisiere laer as Veldkornette(s), Boereseuns en -dogters, en ook van die Kleingoed.

## Ons Nuwe Wedstryd

Wie van julle sien nie al weer uit na 'n wedstryd nie? Nou ja, aan hierdie een kan julle **almal** deelneem, al kan julle nie skryf, dig, of teken nie. Hou „Die Boerejeug" dop vir verdere besonderhede.

## Fondse Vir U Kas!

Offisiere, Boereseuns en -dogters en Kleingoed verneem seker graag dat hulle van Boerehoofkwartier pragtige Boerejeugkentekens, gedruk in swart en rooi, en 12 duim by 14 duim groot, kan bestel. Die prys is slegs 2/6 posvry per afdruk, en 2/- vir bestellings van meer as ses — die ekstra 6d. kan dus in u kas gestort word. Met sulke kentekens kan u natuurlik ook op baie ander maniere fondse insamel vir u kas. Elke Boerejeuglid moet so 'n geraamde kenteken in sy/haar kamer hê!



**BOERESEUNS ONTHOU**

Die

LAERTREK

op

**AMAJUBA**

**27 MAART — 7 APRIL**

**Vra jou offisier dadelik vir meer besonderhede**

# O.B. Verwelkom Eerste Stap

(Vervolg van bladsy 1)

VERDER

Maar ek vat die saak nog verder en wil die gesaghebbende houding van die Grootraad met sy jongste sitting, November 1946, hier weergee. In verband met die eerskomende algemene verkiesing het die Grootraad verklaar dat **„Die O.B. bereid is om tot enige volksverkiesingsfront toe te tree wat die beveiliging van Blank Suid-Afrika nastreef."**

**Dat al voorwaardes wat die O.B. stel en wat die ander samewerkende organisasies of partye ook gun, is (a) behoud van identiteit en beginsels en (b) dat geen blanke organisasie by voorbaat uitgesluit word uit die samewerking nie."**

Verder het hy beklemtoon dat die O.B. vir homself geen setels eis nie.

**As mens verder kan gaan as dit om samewerking te verkry, dan sal ek graag hoor wat die verdere stappe kan wees.**

Nou kan jy mense kry wat vra waarom die O.B. sy identiteit wil bewaar. Dit is natuurlik net so veroorloof om hulle te vra waarom hulle hul eie identiteit wil bewaar, wat mynsinsiens niks belangriker as ons identiteit kan wees nie.

Maar ek wil nie daardie vanselfsprekende uitweg neem nie. Ek wil liewer aan hulle antwoord dat die identiteit van die O.B. nie saamhang met besluite nie. **Dit is dubbel en dwars met die daad bewys en verstewig deur die gevaarvolle oorlogsjare met die herberg van politieke vlugtelinge en met die ondersteuning van die afhanklikes van die Empire se slagoffers in die kampe en tronke tot op vanaand toe, waar daar nog sestien van ons kamerade in Pretoria-Sentrale Gevangenis sit.**

BUITE-PARLEMENTER

Maar ek hoef nie net na die verlede te gaan nie. Is daar iemand wat so oppervlakkig is dat hy dink dat parlementêre optrede alleen genoeg is om die probleme op te los? Is daar iemand wat dink dat 'n gevaar wat vandag almal in Transvaal en Natal gaande het...die Asiate-probleem...„parlementêr" opgelos kan word? Is daar iemand in hierdie saal wat nie gehoor het van die direkte aksie wat die Mense, Sap, Nat en O.B., Engelssprekend en Afrikaanssprekend, neem bywyse van 'n boikot van die Asiatehandel nie? **Dit lyk of daar tog dinge is wat mense nie net met die stembus kan oplos nie.... waarvoor jy meer aktiewe organisasievorms nodig het.**

En met die krisis vir die republikeinse ideaal wat met die koninklike besoek in ons land ontstaan het, waar dink u gaan die republikeinse geledere van die toekoms die meeste besieling skep uit die gebeurtenisse van 1947? Uit die parlementêre „humble address of welcome" of in die Amajubavure van die Ossewabrandwag? Mens hoef die vraag alleenlik te stel . . . . hy beantwoord homself.

Ek wil veral hierdie houding van die O.B. teenoor parlementêre optrede in sy regte perspektief stel omdat daar, luidens die koerant-berigte moontlikhede van toenadering tussen Afrikanergroepe op daardie front is.

SAMEWERKING

Voorts het die K.G. oorgegaan om die kwessie van samewerking te behandel. In die eerste plek het hy gewys op die absolute lewensnoodsaaklikheid van samewerking vir die voortbestaan van ons volk. Nie net samewerking tussen O.B., H.N.P. en A.P. nie, selfs nie net samewerking tussen Afrikaanssprekendes alleen nie. Alles wat blank is, is op die spel en op die ou end moet alles wat blank is mekaar vind en, ongeag hul onderlinge geskille wat sal voortbestaan, op seker gemeenskaplike sake saamwerk . . . of ondergaan. Die houding van die V.V.O. het gewys hoe die wêreldstroom teen die blanke gedraai het . . . en veral teen die blanke in Suid-Afrika.

**Maar dit is vanselfsprekend dat ons in die eerste plek met ons eie vlees en bloed samewerking soek — nie uit haat vir die ander nie maar uit liefde vir ons eie.**

DIE EERSTE STAP

Die houding van die O.B. is die van samewerking met behoud van identiteit. Wat is nou die houding van 'n ander groep, naamlik die Afrikanerparty en hul leier, mnr. Havenga? Luidens die Vaderland van 29 November 1946 het mnr. Havenga voor sy kongres verklaar dat „samewerking is moontlik met enige party of groep wat dit eens is met die fundamentele beginsels van generaal Hertzog se lewenstaak. **Geen poging tot samewerking kan egter slaag sonder erkenning van aparte identiteit en dan moet niemand by voorbaat uitgesluit word nie."**

**Op daardie grondslag het die O.B. en die Afrikanerparty mekaar onlangs op die Bloemfonteinse kongres gevind.**

In hierdie verband het die K.G. met waardering verwys na die uitnodiging wat die destydse voorsitter van die Afrikanerparty, wyle genl. Conroy verlede November aan die Grootraad van die O.B. gerig het om hul kongres by te woon. Die Grootraad het die uitnodiging met erkentlikheid aanvaar en een van sy lede, dr. Piet Meyer gestuur om sy dank en welwillendheid aan die kongres oor te dra. Dr. Meyer is gasvry en soos 'n bondgenoot ontvang.

Dit was die eerste stap tot Afrikanersamewerking gewees; ek is dankbaar om vanaand te kan sê dat dit nie die laaste was nie.

Almal van ons is innig verheug gewees toe ons vanoggend in die koerante lees dat die leiers van die twee parlementêre opposisiegroepe tot 'n verstandhouding oor die volgende verkiesing gekom het.

DIE TWEEDE STAP

Mnr. Havenga en dr. Malan het ooreengekom tot samewerking, met **behoud van identiteit** en hulle nooi Afrikaners in ander partye en groepe uit om ook aan die stryd deel te neem.

**Dit is die tweede stap en ek wil die vertroue uitspreek dat ook dit nie die laaste is nie. Baie breër samespanning is nodig om die gevare in die gesig te sien wat die blanke Suid-Afrika bedreig. Maar mens moet êrens 'n begin maak en die twee stappe wat tot dusver geneem is, is Goddank, 'n begin.**

MNR. HAVENGA DIE BRUG

Nou kom ek op ons verhouding tot die H.N.P., en ek sal trag om die posisie baie kort en sonder onnodige inwikkeling te behandel.

Tussen ons en die H.N.P. het daar vir die laaste ses jaar 'n volkome breuk bestaan en herhaalde pogings om die breuk te heel het misluk. Dit is maklik om weersyds verwyte mekaar toe te slinger. maklik en sonder enige vrug hoegenaamd. Die feit bly nou eenmaal dat alle pogings, hoe opreg ook bedoel van albei kante, telkemale op mislukking uitgeloop het. Dit wil skyn of die kloof te breed en te diep geword het vir die twee betrokke organisasies om uit hul eie te oorbrug. Tot nimmereindigende broedertwis was ons skynbaar gedoem, tensy daar êrens 'n brug en 'n bemiddelaar gevind word.

**Ek neem aan dat elke Afrikaner wat dit met sy volk opreg bedoel, ongeag of hy 'n Brandwag of 'n H.N.P.-lid is, die innige en opregte hoop wil koester dat ons in die persoon van mnr. Havenga (wat teenoor albei van ons in 'n kollegiale verhouding staan) daardie brug sal vind, dat hy daardie bemiddelaar mag wees.**

**Sprekende namens die O.B. en ook namens myself wil ek sê dat ons baie ver uit ons pad sal gaan in ons kringe om die hande van mnr. Havenga te sterk en te steun, dwarsdeur ons vaderland. In die eerste plek omdat ons sy goedertrou onvoorwaardelik aanvaar en verder omdat ons in hom die moontlike brug sien om ons volk uit die moeras van haat en beswaddering te lei waarin nie net die O.B. en die H.N.P. nie maar die hele volk dreig om onder te gaan.**

SIRKEL IS HALF-VOLTOOI

As mense voel dat alles nog nie bereik is nie kan ek dit wel verstaan, maar aan diesulkes sê ek dat ons tenminste dit bereik het: die Afrikanerdom, soveel jare in onmagtige opposisie, het tenminste binne die uiteenlopende opposisiegroepe 'n samewerking van twee vleuels gevind.

Minstens een van daardie vleuels (die Afrikanerparty) het die samewerking van die Ossewabrandwag, **met behoud van weersydse identiteit**, hartlik aanvaar en van ons kant is dit hartlik gegee.

**En vir die eerste keer in ses jaar** is sodoende ook 'n brug gevind tot samewerking met die ander vleuel en daarmee met die hele Opposisie.

Ons het nie illusies dat die paadjie kort en maklik gaan wees nie. Ons besef ook dat diep wonde aan albei kante geslaan is wat nie van môre tot oormôre geheel kan word nie. Maar ons weet ook dat geen doel bereik kan word nie as daar nie eers êrens 'n begin, die eerste stap, gedaan word nie. En ons kan sê, die **eerste twee stappe is gedaan!**

**Die sirkel is half voltooi deur die skakeling van die Afrikanerparty met die O.B. enersyds en die H.N.P. andersyds, sonder dat een van die drie hul identiteit prysgegee het. Die afronding sal geskied as ook die O.B. en die H.N.P. op dieselfde basis mekaar sal vind. Die Ossewabrand wil daardie voltooiing nastreef.**

## Uit Tronk in Huwelik



Foto: J. H. de la Rey


**Mnr. Botha, 'n oud-politieke gevangene, en sy bruid, kom die terrein binne, waar duisende toeskouers hulle toegejuig het. Hierdie feestelikheid het plaasgevind by geleentheid van Vryheidsdagviering te Pretoria, Saterdag, 8 Maart.**

## Suidwes As Deel van Unie

Velm. J. C. Smuts het aangekondig dat die regering van voorneme is om Suidwes-Afrika as integrerende deel van die Unie volle verteenwoordiging in die Volksraad te gee. Gedurende die huidige sitting sal daar egter geen sodanige wetgewing aangeneem word nie. Hy het ook verklaar dat die Unie aan die V.V.O. verslag sal doen van sy bestuur van Suidwes.

Wat die inskakeling by die Unie betref het genl. Smuts verklaar dat dit nie moet aangeneem word dat Suidwes dieselfde status as die ander provinsies sal geniet nie. Suidwes het sy eie grondwet en dit sal verander moet word. Spr. het gesê dat Suid-Afrika in 'n sterk posisie is, en dat hy dit sal handhaaf.

„Die O.B." word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Beperk, Stellenbosch, vir die eienaars en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Beperk, Pro Ecclesia-Gebou, Birdstraat, Stellenbosch.



DIT KOS MINDER EN U LINNE HOU LANGER!

SPAAR MOEITE en laat Spesialiteite u wasgoed doen

• WAS • DROOGSKOONMAAK • KLEUR

Adres: Hugenootstasie, Paarl (Goedere halftarief)

PAARL STOOMWASSERY

Posbus 35 DIE PAARL Foon 214

(1)